Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Volksontwikkeling is 'n opeenvolging van DADE*

# Die O.B.

*Parlementêre bestuur is 'n opeenstapeling van WOORDE*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 6 OKTOBER 1943. No. 46.

# Vervolgers van Ossewabrandwag sal Beweging Nog Leer Ken as Regering

## Kommandant-Generaal oor Vooruitgang Trots Vierjarige Stryd

**„Die vervolgers van die Ossewabrandwag sal nog met hierdie Beweging te doen hê as die regering," het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, in 'n oorsig van die stryd in die afgelope vier jaar gesê by geleentheid van die herdenking van sy 45ste verjaardag voorverlede Saterdag in Pretoria.**

**Besonderhede omtrent die viering verskyn in 'n afsonderlike verslag in hierdie uitgawe.**



Dr. J. F. J. van Rensburg.

Onder donderende toejuiging van die duisende aanwesiges het die K.G. op die been gekom. Hy het sy dank uitgespreek vir die blyke van liefde wat straal uit die geskenke.

„Daar is vanaand dikwels melding gemaak van wat ek vir die O.B. beteken. Ek kan u egter verseker dat watter leier u ook al mag hê, hy 'n baie swak man sal moet wees as hy nie moed en besieling skep uit die optrede en liefde van die duisende O.B.-lede dwarsdeur die land nie.

„Toe u my gevra het om as u hoogste offisier voor te gaan, het ek 3 jaar gelede met my inswering te Kroonstad gesê dat ek my bes sal doen en myself in die proses nie sal spaar nie. Ek dank God dat ek na drie jaar in staat is om te getuig dat ek hierdie belofte in alle beskeidenheid nagekom het en nog steeds probeer nakom. En as ons onsself nie spaar nie hoef ons nie ons vyande te spaar nie."

Dr. Van Rensburg het gesê dat dit hom nie kwalik geneem moet word nie as hy een geskenk die hoogste waardeer nie, t.w. die adres wat namens die vroue en afhanklikes van geïnterneerde en gevange Afrikaners aangebied is.

**„Die Afrikanervrou in die O.B. het in die afgelope vier jaar 'n leed deurgemaak wat Afrikanervroue in ander republikeinse geledere nie ken nie. Die Afrikanervolk en ons wat nie die beker gedrink het nie, sal altyd dankbaar wees dat ons deur die O.B.-Noodhulpfonds probeer het om 'n ereskuld te vereffen Die vervolging wat Afrikaners vandag terwille van hul Afrikanerskap van die handlangers van die Empire te verduur het, en die lae metodes deur die vervolgers gebruik, wek 'n bitterheid en vestig 'n onuitwisbare wrok in die harte van alle ordentlike Afrikaners teen die vervloekte Empire."** (Spontane byvalsbetuiging.)

Die K.G. het voorts sy dank en waardering vir die besonder uitstekende parade en erewag in die middag uitgespreek en veral die Boerejeug lof toegeswaai vir hul aandeel daarin. **Hy het Elsabe Nel toe versoek om die Boerejeug op die verhoog te kom verteenwoordig.**

**Dr. Van Rensburg het ook onder toejuiging melding gemaak van 'n brief met 'n bedrag van £14-11-6 daarby ingesluit wat hy van die geïnterneerde Kamerade in Koffiefontein-kamp ontvang het met die versoek dat dit as hul bydrae vir 8 Aug. in die Vryheidsfonds van die O.B. gestort moet word.**

### NA NUWE ORDE

Die O.B. het in hierdie rewolusionêre stormtyd gekom as 'n daad van die Voorsienigheid, as 'n brug waarop die Afrikanerdom kan oorsteek na die oewer van die nuwe wêreld-orde wat daag, sonder om sy eie nasionale karakter en oorsprong prys te gee, het die K.G. voorts gesê. Hoe die magte in Europa en elders ook al heen en weer slinger, die Ossewabrandwag wyk nie af van sy ingeslane koers na 'n republikeinse gesagstaat, nasionaal en sosiaal in sy wese, of nasionaal-sosialisties, nie. Dit put nie die stukrag uit geldmag of pers of vlammende geesdrif nie, dog veel meer uit koue pligsbesef.

**Uit hoofde van sy feitlik daaglikse kontak met offisiere in al die provinsies kan hy met oortuiging verseker dat die O.B. sterker uit die afgelope verkiesing gekom het as wat dit was.** Die vervolgers van die O.B. sal nog met hierdie beweging te doen hê as regering later (toejuiging). Dis nie 'n dreigement nie, maar 'n voorspelling.

„Ons het in die afgelope vier jaar 'n vyandige pers, die Regering en die Opposisie teen ons gehad. Maar dit kan nie altyd so aanhou nie. Vroeër of later gaan die roes oor, en dan kom die hoofpyn — vir die man wat die roes gehad het. Die land kan nie vir altyd deur noodregulasies regeer word nie. Ons doen aan hulle 'n belofte: Hulle het ons sonder verhoor in die tronke en kampe gesmyt — ons sal hulle 'n verhoor gee.

„Dit was, meen ek, in September 1941 dat 'n meneer wat koerante skryf, gepronk het: ‚Gee my twee weke, en ek laat die Ossewabrandwag in Transvaal met my pen uitmekaar spat.' Wel, hy het sy twee weke gehad, selfs twee maande en twee jaar — as ook twee hoofbrekens. Maar die Ossewabrandwag gaan nog steeds op sy ingeslane weg voort in Transvaal sowel as in die ander provinsies." **.Dis 'n volksbeweging wat bokant en buite partyverdeeldhede en demokratiese beperkings staan. .Sy tyd breek aan."**

„Ons hoor so dikwels die vraag: ‚Is die tyd ryp?' Die diepere vraag is: ‚Is die Afrikaner ryp vir die tyd?' Goddank, ons kan sê: Ja — in die Ossewabrandwag het tienduisende Afrikaners ryp geword vir enige tyd wat ons volk tegemoet gaan.' Dit wys die manier waarop hulle vier jaar lank alle storme die hoof bied. Want die pad wat hulle tot dusver moes bewandel, was waaragtiglik geen gemaklike pad nie. **Inteendeel ná vier jare van noodregulasies, kampe en tronke is dit net oortuigde en selflose manne en vroue wat vrywillig en onvermoeid so 'n**

Vervolg op bls. 2 kol. 3.

# Vroue van Gevange Afrikaners se Hulde aan Kommandant-Generaal

**Die volgende is die inhoud van die vergulde adres wat deur mev. dr. G. Eloff namens die vroue en afhanklikes van geïnterneerde en gevange Afrikaners aan die Kommandant-generaal oorhandig is by geleentheid van sy verjaardagviering te Klipkoppies op 25 September:—**

*Dit is vir ons 'n behoefte van oorvloeiende moederharte om u op hierdie gedenkwaardige dag toe te roep: HEIL!*

*Ons hart is vol — vol met dankbaarheid jeens u en die Ossewa wat die swaar vrag van ons moedersmart en kinderleed so moedig tors — daarom is die vrag vir ons ligter; vol met hoop, met vertroue en met geloof omdat met u, as touleier, die span so fier stap na die uitspanning van sy bestemming — daarom is die pad vir ons korter; vol met moed omdat ons inspirasie put uit u onverskrokke durf — daarom steek die son minder fel en is die nag minder donker; en vol met liefde omdat u ons beroofde kindertjies nie vergeet nie — daarom is die korsie wat ons eet, minder hard en die water wat ons drink, minder bitter.*

*Klink-klaar en welluidend nog die weerklank in ons oor: „Omskep julle kommando's in reddingslaers." Die daad was by die woord. En hoe het die harte en beurse oopgegaan van Boere vir die afhanklikes van Boere wat ly en offer omdat hulle Boere is!"*

*„Dis hoogverraad om jou eie lief te hê" — dreig die beskermer van klein nasies: „Dis laagverraad om jou helde in die steek te laat" — antwoord ons heilige smart.*

*Aan u ons dank, Generaal, en aan die O.B.-Noodhulpfonds, vir 'n soet druppel in die ediksbeker. Ons sal hom drink, tot die droesem drink.*

*Die nag is swart, maar sy middernagtelike duisternis sal ons nie verskrik nie — reeds sien ons, hoewel ver en vaag, die eerste strale van 'n opgaande son: Boerevryheid.*

*Die water is diep, maar die woede van die stroom sal ons nie meevoer nie — reeds voel ons voet die vaste rots: Boeredom.*

*Generaal, ons, die afhanklikes van ons geïnterneerde mans, vaders, en seuns het 'n onbegrensde vertroue in u leiding.*

*Ons bid dat hierdie kinderlike vertroue u sal skraag in u moeilike taak. Ons bid dat die Skepper wat gewil het dat die Boere 'n volk sal wees, u sal bedeel met die nodige maat van geduld, moed en wysheid om altyd te kan handel tot eer van Sy Naam en tot heil van die Boerevolk.*

*Ons bid dat dit die Bestierder van ons Boerevolk se lotgevalle mag behaag om u vir ons te spaar totdat u die kroon op u edel werk mag sien.*

*Namens duisende vroue en kinders van ons geïnterneerde Helde.*

*MY GOD! MY VOLK! MY LAND SUID-AFRIKA!*

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van drosdy-tabak kry.



drosdy die rypste tabak bekend.

drosdy TABAK IS IN OU WYNVATE BELEË

**SASBANK**

*Verrig Volksdiens !*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.



*Waarde vir geld*



*Kommando -sigarette*


## Belangrike Boeke


**Vername Persone** uit die S.A. geskiedenis, deur Eric Stockenström .. .. .. .. 6/6 p.v.

**Die Afrikaanse Vrou.** 'n Beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van S.A. gespeel het in die jare 1568-1918, deur Eric Stockenström .. .. 6/6 p.v.

**Mites en Sages** van die Grieke, baie mooi vertel deur Mev. P. van Braam 6/6 p.v.

**Skandinawiese Vertellinge** .. 6/6 p.v.

**Suid-Afrikaanse Soogdiere** deur dr. C. S. Grobbelaar 6/6 p.v.

**Die Stem van die Volk.** Luimig, onderhoudend, leersaam, deur N. G. S. v. d. Walt .. .. .. .. .. .. 1/6 p.v.

**Saam Verban,** deur Mev. M. J. van Straten .. .. .. 5/6 p.v.

**Stuur u bestelling aan**

PRO ECCLESIA-DRUKKERY

Die Laan — Stellenbosch



**S. J. KRYNAUW**

**Algemene Handelaar en Produkte Koper.**

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruidenierswar*e* teen die billikste Pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

H/v NUWE- en GARCIASTRAAT

Foon 68 — — Posbus 54

BEAUFORT-WES


**VERLOWINGS, HUWELIKE, GEBOORTES, ens.—kondig dit aan in DIE O.B.**


**STERK SKAKELS...**



*maak 'n sterk ketting !*

**Net so bou versorgde, selfstandige huisgesinne 'n selfstandige, selfversorgende volk en land.**

*

SANLAM

**Die werklik versorgde huisgesin is die een met 'n Sanlam-Polis**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.

— TAKKE OWARSDEUR DIE UNIE —

HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 26, KAAPSTAD


## Vervolgers van Ossewabrandweg sal . . . .

Vervolg van bls. 1 kol. 2.

**taak sal voortsit. Maar hulle is daar, hierdie manne en vroue, in hul tienduisende in elke provinsie dwarsdeur ons vaderland. Ons teenstanders wou ons breek — hulle het ons net gebrei."**

Hoe het die lede van die Beweging in die afgelope vier jaar van vervolging gereageer? Ds. Vorster wat onlangs losgelaat is uit die Sentrale Gevangenis in Pretoria waar nog sowat dertig politieke veroordeeldes sit, het namens sy kamerade in die tronk beloof ,,dat hulle met die Regering geen aparte vrede daar binne sal sluit nie."

**,,En ons het ons kamerade agter slot en grendel laat weet dat solank een enkele Afrikaner in kamp of tronk nog sy straf moet ondergaan vir diè idee, ons nooit die stryd daar buite sal staak nie. Ook ons sal geen aparte vrede sluit nie.**

### ENDUIT

**Die Badoglios is uit die Ossewabrandwag uit. En ons verander nie ons ideaal en ons vertroue met elke voortmars of terugtog, hetsy in Europa of in Suid-Afrika nie. Ons is nog ouderwets genoeg om te glo dat as jy voor God en jou volksgenoot 'n vrywillige eed sweer, dan moet jy daardie eed hou, mooi weer of stormweer, veral stormweer. En anders as menige politieke weerhaan, glo ons ook dat as jy 'n vriend gevind het, dan marsjeer jy met hom enduit. Jy laat hom nie halfpad in die steek nie.**

,,Dat die storm, die krisis, nou oor gans Europa en die wêreld woed, dit weet elkeen. Uit Oos-Europa dreig 'n bolsjewistiese vloedgolf wat, indien nie gestuit nie, ook ons gewisse ondergang beteken. En ook in Italië hoef niemand te hoop dat hulle ná twintig jaar van fascisme na kapitalisme terug kan gaan nie. Al alternatief is die kommunisme, Sowjet-Italië."

Maar hoe die magte ook al heen en weer slinger, die Ossewabrandwag wyk nie af van sy ingeslane koers na 'n republikeinse gesagstaat nie. In die Ossewabrandwag word die soldaat gesoek, nie die demagoog nie — die soldaat van die Republiek.

Om aan te toon hoe agter die skerms teen die O.B. gestry word, noem spreker die geval van hoofkommandant Meiring. Meiring is 'n huurkoper van kroongrond en sy kontrak stipuleer dat hy die grond moet okkupeer. Toe interneer die Regering hom. **Daarna wil hulle sy familie van die grond dryf en die koopbrief kanselleer omdat hy die okkupasie-klousule nie nakom nie. ,,Met sulke optrede neem die verantwoordelike Minister en die betrokke amptenare 'n eventuele verantwoording op hulle skouers wat ek persoonlik liewer nie sou aanvaar nie," het dr. Van Rensburg gesê.**

'n Tydjie gelede het 'n verantwoordelike offisier van die speurdiens, die vrou van 'n gearresteerde Afrikaner probeer oorbluf om haar man te beweeg om 'n verklaring te doen. ,,Hy het aan haar gesê: 'Mevrou, julle mans moet steel vir die Ossewabrandwag sodat die O.B.-offisiere kan rol in die geld terwyl julle doodgaan van honger. Sê hom hy moet praat.' Ek werp die beskuldiging met veragting van die Ossewabrandwag af. Ek weet net dat O.B.-offisiere hulle plig nastreef en nie hul bankbalanse nie. Anders sou hulle by die Regering en selfs in die Speurdiens gestaan het.

,,'n Polisiemag wat tot onlangs die puik-mag van ons volk was, en vandag nog grotendeels is, is deur politieke speurders deur dieptes gesleep wat hulle en die volk nooit sal vergeet nie.

### WREDE LEUEN

,,'n Jong volksgenoot, Julian Visser, was onder die skadu van die galg weens politieke sabotasie en sy lot was lankal reeds uit die hande van die Speurdiens in dié van die Goewerneur-generaal, toe 'n plaaslike politieke speurder hom in die veroordeelde sel gaan sien en aan hom sê: 'Ek kom jou meedeel dat jy oormôre gehang word. Maar jy kan jou lewe red as jy praat.' **Dit was 'n wrede leuen en 'n lae daad. Visser (en die volk sal hom onthou) het hom deur hierdie skrikaanjaging nie laat oorrompel nie. Ons sal hom jare lank onthou. En ons sal seer sekerlik ook die betrokke politieke speurder nie vergeet nie, nie sy naam nie en ook nie sy optrede nie.**

,,En hulle het nou so ver gesak dat hulle selfs deur die kafferradio £3 uitloof vir enige informasie wat sal laat lei tot die arrestasie van 'n gesogte politieke oortreder — 'n S.J. of vlugteling uit 'n kamp of iets dergeliks. Kommentaar is onnodig. So gaan dit al vier jare lank met klopjagte, arrestasies en magsmisbruik. **En as die O.B. nie met sulke abnormale terreurmiddele gebreek kan word nie, hoef niemand te twyfel dat hy gaan wen wanneer sake weer normaal word nie. Ná vier jaar staan die Ossewabrandwag nog.**

,,Maar al moet die O.B. vandag die spit afbyt van die Empire-vervolgings weens sy nasionale temper, is hy nie net gediend met die nasionale strewe soos ons hom vir die afgelope twintig jaar ken nie. Hy is tewens ook oortuig en fanaties sosiaal. Hy wil die siel van die Afrikanerdom red, maar ook die liggaam."

Daar is nou besluit om 'n Ossewabrandwag-bystand te skep wat ten doel het om sover moontlik vrygelate geïnterneerde Afrikaners wat sonder heenkome sit, met raad en daad by te staan. Aan die hoof daarvan staan prof. L. J. du Plessis en hy word bygestaan deur dr. P. Meyer en mnr. J. F. du Plooy, van Johannesburg. Losgelate geïnterneerdes wat nadere inligting verlang kan hulle tot dr. Meyer en mnr. Du Plooy in die Spoorbondkas-gebou, Johannesburg, wend.

Hy het ten slotte verklaar dat die O.B. spyt mag voel oor onvermydelike dinge van die verlede, maar dat hy oor niks hoef skaam te voel nie. Hy preek nie net die sosiale gesindheid nie, hy beoefen dit.

Aan die einde van die toespraak van die K.G. het die hele vergadering spontaan op die been gekom en is hy driekeer ,,ons bring hulde" toegeroep.

Na 'n gebed deur hoofkommandant prof. C. A. Rautenbach is die vergadering afgesluit deur die sing van die gesangvers: ,,Want goedertieren is de Heer . . . ." en ons Volkslied.

Hiermee het 'n pragtige byeenkoms ten einde geloop wat nog lank in die herinnering van Pretoriane en besoekers sal voortleef.—(Trvlse Kor.)

## VERJAARDAGKETTING

**8 Okt.:** Rita Liebenberg (Noorder-Paarl), Hanna Nel (Pearston), Jossie du Plessis (Sutherland), Rhinus Nortje (Sutherland), Lenie Bieldt (Wolseley), Jan van Eck (Port-Elizabeth), Schnettler de Wit (Tarkastad), Barend Johannes Carel Coen (Wesselbron).

**9 Okt.:** Susanna van Tonder (Somerset-Oos), Jacobus Malan (P.K. Huguenot, dist. Paarl), Christoffel Petrus Jochemus Prinsloo (Wesselbron).

**10 Okt.:** Beatrix Olivier (Beaufort-Wes), Helena van der Westhuizen (Kakamas), René Deupers (Noorder-Paarl), Johanna Gertruida Malherbe (Vryburg), Christina Viviers (Upington), Etienne le Roux (Franschhoek).

**11 Okt.:** Beatrice Wiid (Stellenbosch).

**12 Okt.:** Salmon Pienaar (George), Rosina Pienaar (George), Sarellena Maree (Stellenbosch), Pedro van der Westhuizen (Noorder-Paarl), Martha Magaretha Basson (Malmesbury), Helena Meger (George), Schalk van der Merwe (P.K. Boskuil).

**13 Okt.:** George Sampson (Port-Elizabeth).

## HELDEDAGVIERING OP STELLENBOSCH

Heldedag sal op 9 Oktober op grootse wyse te Stellenbosch gevier word. Onder leiding van die A.N.S. is gesorg vir 'n uitmuntende program met optogte en geskiedkundige voorstellings. Op die Coetzenburg-terrein sal dr. J. de W. Keyter van Bloemfontein optree as die redenaar, terwyl daar in die aand 'n voortsetting van die viering in die stadsaal sal wees. Alle volksgenote van omliggende plekke word deur die A.N.S. uitgenooi om deel te neem.

# Die Landbou in Ons Aanstaande Sosiale Volksekonomie

## Hoe in die Gesagstaat Geboer sal Word

D.L. 10/43.

**Die Kapitalisme het deur 'n eensydige ontwikkeling van die goudnywerheid in ons land die landboubedryf aan die een kant uitgebuit en laat doodbloei en aan die ander kant die ontwikkeling van noodsaaklike nywerhede, gebaseer op die natuurlike hulpbronne van ons land, belemmer en selfs verhoed.**

Wanneer die O.B. nou sê dat dit die taak van ons nasionale en sosiale gesagstaat sal wees om weer ons ekonomiese lewe op grondslag van 'n gesonde landboubedryf en die oordeelkundige ontginning van ander natuurlike hulpbronne in te rig, dan bedoel ons dat die landboubedryf self op grondslag van ons natuurlike landsomstandighede ingerig moet wees en dat die sekondêre nywerhede weer gegrondves moet wees op 'n ekonomies gesonde primêre produksie, d.w.s. die opbrengs van ons landboubedryf en van ander natuurlike hulpbronne soos minerale wat ons met voordeel kan ontgin. **M.a.w. in komende sosiale volksekonomie moet ons landboubedryf en ons nywerheidswese hulle by ons natuurlike landsomstandighede aanpas. In belang van die voortbestaan van ons volk kan geen bodem-uitbuitende praktyke langer geduld word nie, nie in die landbou en ook nie in die nywerheid nie.**

In hierdie bespreking wil ons die plek van die landbou in ons sosiale volksekonomie nagaan en ook wys op die verpligtinge wat dit op ons boeregemeenskap lê.

Al gaan ons van die standpunt uit dat Suid-Afrika vanweë natuursomstandighede nie 'n landbouland is en dus vir sy volkswelvaart nie slegs op die landbou kan staat maak nie, beteken dit nie dat ons nou maar die landbou moet verwaarloos nie. Hoe meer ons tot 'n nywerheidsland ontwikkel, hoe groter die verpligting om ons landbou ekonomies gesond te hou omdat ons dit teenoor ons nageslagte verskuldig is om ons vaderlandsbodem deeglik in stand te hou en omdat die Afrikanervolk daarvan bewus is dat die frisse en toonaangewende bloed in ons volk nog altyd van die platteland gekom het. 'n Selfstandige en welvarende boeregemeenskap is die vernaamste voedingsbron vir 'n doelbewuste nasionalisme en die Afrikanervolk kan dit nie bekostig om deur die verswakking van ons landbou hierdie fontein te laat opdroog nie.

### ELKEEN OP SY PLEK

Maar om op die lang duur 'n selfstandige en welvarende boeregemeenskap in stand te hou sonder om 'n permanente las op die ander welvaartsbronne van die volk te lê, is dit volstrek noodsaaklik dat die landbou hom by die natuursomstandighede van ons land moet aanpas. **As dit by voorbeeld vasgestel word dat 'n streek weens natuursomstandighede meer geskik is vir veeboerdery as vir saaiery, dan mag nie toegelaat word dat kosbare weiveld deur saailande vervang word nie net omdat graan tydelik 'n beter prys behaal as vee. Ons vaderlandsbodem mag nie uitgebuit word terwille van die tydelike voordeel van die individu nie maar dit moet as ons vernaamste nasionale bate tot voordeel van die volk as geheel op die lang duur ontwikkel word.**

M.a.w. ons moet ook sosialisme in die landbou toepas. Met die oog hierop sal die sosiale gesagstaat alle nodige maatreëls tref vir die beskerming en verbetering van ons grond. Ondersoek sal deur boere-deskundiges moet ingestel word na die geskikste soort boerdery vir elke natuurlike streek b.v. waar veeboerdery die beste beantwoord en waar tuinbou of saailande, en watter soort vee of produk die beste daar aard. **Die O.B. het reeds die bewys gelewer dat hierdie saak vir hom erns is, want reeds in sy organisasie het hy die kunsmatige provinsiale indeling afgeskaf en ons land in min of meer natuurlike gebiede ingedeel. Hierdie natuurlike indeling sal nog verder deurgevoer word sodra omstandighede dit toelaat.**

Hoewel dit uit nasionale en maatskaplike oorwegings noodsaaklik is dat ons grond die groots moontlike landboubevolking moet onderhou, moet die grootte van die landboubevolking in die eerste plek bepaal word deur die drakrag van 'n ekonomies gesonde landboubedryf, m.a.w. elke boerdery-eenheid moet groot genoeg wees om 'n selfstandige menswaardige bestaan aan elke boeregesin te bied.

**Weens die skandalige wanverhoudinge wat ten opsigte van grondbesit onder die kapitalisme ontwikkel het, beskou die sosiale Gesagstaat die ekonomiese verdeling van grondbesit as een van die dringendste vraagstukke wat opgelos moet word, veral in die geval van onproduktiewe maatskappygronde en versnipperde privaat gronde.** Waar 'n boer so kortsigtig is dat hy sy grond in sulke klein stukkies wil verdeel dat sy seuns of ander boere op geeneen van die stukke 'n behoorlike bestaan kan maak nie, dan moet hy in belang van sy volk en in belang van sy eie nageslag belet word om dit te doen. Net so mag 'n persoon ook nie toegelaat word om meer grond te besit as wat hy produktief kan bewerk nie.

### PRIVATE BESIT

Private grondbesit sal ook in die sosiale Gesagstaat die grondslag van die landboubedryf vorm, maar dan sal doelbewus daarna gestreef word om die aantal selfstandige grondbesittende boere so groot moontlik te maak. **Die rigting waarin grondbesit tans ontwikkel, nl. dat huurplase toeneem en eiendomsplase afneem is nie in belang van die ontwikkeling van 'n selfstandige en selfrespekterende boeregemeenskap nie, en moet derhalwe in die teenoorgestelde rigting geswaai word.** Daar sal egter teen gewaak word dat onbekwame boere met allerlei bystandmaatreëls op die plase gehou word. **Diegene wat nie vir die boerdery 'n aanleg of begeerte besit of nie in staat is om 'n sukses daarvan te maak nie, sal in die nywerhede opgeneem moet word.** Om die ideaal van 'n selfstandige grondbesittende boeregemeenskap te bevorder, sal in die sosiale Gesagstaat geen spekulasie met grond geduld kan word nie. **'n Volk mag nie toelaat dat met sy vaderlandsbodem vir persoonlike voordeel gespekuleer word nie.**

Ons ondervinding met die kapitalisme het ons geleer dat die landbou geen sekerheid van bestaan bied as die prys van sy produkte gedurig verander nie. Ten einde die selfstandigheid van die boeregemeenskap as geheel te verseker, sal die Gesagstaat toesien dat vaste landboupryse gereël word en wel op so 'n peil dat dit die boer 'n redelike vergoeding vir sy dienste aan die gemeenskap sal verseker. Om verder die aanspassing van die boerderystelsel by die natuurlike geaardheid van die bepaalde streke te bevorder sal ook vaste prysverhoudinge tussen die verskillende landbouprodukte gereël moet word. Vaste pryse en prysverhoudings kan alleen gereël word deur 'n omvattende bemarkingsorganisasie in die lewe te roep wat die afset van landbouprodukte van die boer tot by die verbruiker op die mees doeltreffende wyse sal reël, met uitskakeling van alle onnodige middelmanne.

**By die vasstelling van landboupryse gaan ons ook uit van die gesonde beginsel dat geen spekulasie met 'n volk se voedsel toegelaat mag word nie.**

### KREDIET VIR BOERE

Maar die boer kan nog nie selfstandig wees as hy aan die genade van

(Vervolg op bls. 5)

G. A. FICHARDT, Beperk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

116 Takke 44,000 Lede
AVBOB
Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

HET U AL BESTEL?
*Indien nie,*
*doen dit tog dadelik!*
MÔRE MAG TE LAAT WEES

GENERAAL
J. B. M. HERTZOG
*'n Lewensgeskiedenis*
deur
C. M. van den HEEVER

★

Verskyn Eersdaags

★

Die boek beslaan ongeveer 900 bladsye met seldsame fotos op kunspapier. U sien hom as seun, as student, as regter, as politikus, as leier, as Eerste Minister, as mens — en dan as banneling in sy eie land!

HIER IS 'N BOEK WAT ELKEEN MOET BESIT

Prys £1-2-6
EN POSGELD 1/6

Weens die oorlogsomstandighede kan ALLEEN kontantbestellings in aanmerking geneem word. Gereed teen die helfte van 1943 MAAR bestel nou.

DIE OPLAAG IS BEPERK

AFRIKAANSE PERS BEPERK
Posbus 845. Johannesburg.

VERLOWINGS, HUWELIKE, GEBOORTES
Kondig dit aan in DIE O.B.

DIE O.B., WOENSDAG, 6 OKT. 1943.

# Die Daad

Soos 'n boom sy botsels in die lente uitstoot, so het ons volk sy helde veral in die voorjaar uitgestoot. In die eerste helfte van Oktober is gebore drie presidente van ons kortstondige Boererepublieke, onder wie die twee hooffigure van die Tweede Vryheidsoorlog, as ook die twee veggeneraals wat verantwoordelik was vir die krygsroem wat die Boer in die oë van die wêreld behaal het. Dit pas ons dus om in ons eerste Oktober-uitgawe hulde te bring aan die helde van die Boerevolk.

As ons dink aan die groot manne van ons geskiedenis, word ons in die eerste plaas getref deur die dinge wat hulle GEDOEN het en nie deur die dinge wat hulle gesê het nie. Ons volk het ongetwyfeld baie ,,slim'' mense opgelewer. Daar is name aangeteken in ons geskiedenisboeke van manne wat verstandelike hoogtes bereik het wat hulle onder die grotes wil laat tel. Dog van uit 'n volksoogpunt beskou, word aan hulle vandag gedink in terme van loodgewigte wat die vaart van 'n opkomende volk vertraag het. **Hul welsprekendheid, hul spitsvondigheid en hul groot geleerdheid het vir die Afrikaner geen betekenis nie. Hul name leef nie voort in die hart van die volk nie.** Dit staan aangeteken op die siellose blaaie van geskiedenisboeke. Vir sommige van hierdie ,,grotes'' is daar selfs monumente opgerig. Vandag spreek nog net die klip waaruit hul beeld gekap is, sy koue taal aan die verbygangers. **Hulle is iets van die verlede, gestorwenes, want hulle het geen DADE voortgebring om hul grootheid te verkondig nie.** Hulle was produkte van die geskiedenis, en nie die geskiedenis produk van hul dade nie.

Maar die helde wat ons in Oktober gedenk, is die manne van die DAAD. Hulle het nie gery op die geskiedenis nie, maar het die geskiedenis self help dra. Hulle het geskiedenis GEMAAK. Hulle was almal dwase in die oë van die een of ander, want die man wat die gewone loop van sake versteur, is in die oë van die leek 'n dwaas. Toe Kruger 'n wal gegooi het dwars in die pad van die liberalistiese vloed, is hy uitgekryt — selfs deur sommige van sy eie mense — as 'n bekrompene. Toe Steyn in bondgenootskap hom ingewerp het aan die kant van Transvaal teen Britse Imperialisme, is hy deur baie veroordeel as 'n kortsigtige. Toe De Wet en De la Rey sonder koue berekening hul geringe magte aangemoedig het om die stryd teen die oormag voort te sit, is hulle deur baie beskou as onverantwoordelik. Maar in die geheue van hul nageslag leef hulle vandag voort as helde, as manne van die DAAD.

Ons volk is ryk aan helde. **Maar helde is nie mense wat tot die verlede alleen behoort nie.** Vandag, net soos op enige ander tydstip van ons geskiedenis roep die omstandighede na helde, na manne wat bereid sal wees om in die aangesig van vyandelike teenstand en broederlike vooroordeel 'n daad te doen wat ons volk sal losskeur uit die gang van die alledaagse — die gang van verval en ontbinding. **En ons hoor al die voetstappe van daardie helde.** As die Afrikaners van die Vrystaat na jare van handevou en koue protesmosies nou eindelik oorgaan tot die stigting van 'n eie universiteit, dan sien ons daarin die wegbereider van die komende helde. As ons na die tronke en kampe van die Empire kyk en luister na die boodskappe van moed en volharding wat van agter die doringdraadversperrings na ons kom, dan verneem ons daarin die rollende donder van 'n komende daad. As ons volk so by sy tienduisende na die een of ander punt beweeg soos 'n paar jaar gelede toe vyftig-sestig duisend republikeine uit alle dele van die land 'n republiekeinse betoging by die Vrouemonument gehou het, dan bespeur ons daarin die wil tot die daad — al het daardie betoging verstort in die gaping van partypolitieke daadloosheid. As ons merk hoe ons volk homself in gereedheid bring binne sy Volksbeweging en hoe die idee van die sosiale en nasionale revolusie deur broer nòg vyand na onder gedruk kan word, dan sien ons daarin die pad van die daad, en dan sê ons: staan vas broer, daar is weer helde aan die kom, daar word 'n DAAD gebore!

**Alle politieke berigte en kommentaar, tensy waar anders vermeld, is opgestel deur N. G. S. v. d. Walt, Groote Kerkgebou, 703, Kaapstad.**

## HULDE AAN DIE LEIER

### Seënbedes en Geskenke op Sy Verjaardag

Die ontvangs wat ons Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg by geleentheid van sy verjaardagviering te Klipkoppies, Pretoria, op 25 September te beurt geval het, was sekerlik die mees ordelike, gedissiplineerde en goed ingerigte opelug-byeenkoms wat nog deur die O.B. gereël is.

Genl. prof. G. Cronjé het in die aand namens die hele vergadering die K.G. geluk gewens met die herdenking van sy geboortedag. ,,Ons huldig u uit 'n gevoel van dankbaarheid jeens God wat u vir ons gegee het om ons te lei en met die bede dat u vir ons lank gespaar mag bly om ons tot die oorwinning te lei,'' het genl. Cronjé onder toejuiging gesê.

,,Ons weet dat u die regte leiding gegee het en daarom weet ons dat u in die toekoms ook die regte leiding sal gee. Ons weet ons K.G. staan bo alle Afrikanerleiers uit''. (Geweldige toejuiging.) Genl. Cronjé het voorts gewys op die liefde wat die Brandwagte vir hul K.G. koester en die vertroue wat hulle in sy leiding het.

,,Ons volk beleef nou 'n lente na 'n winter wat baie lank was. Die twintigste eeu was vir ons volk tot dusver 'n winter. Ons het oorwinnings behaal op maatskaplike en kulturele gebied maar die eintlike oorwinning, naamlik 'n vrye Republiek, het ons nog nie behaal nie. Die lente vir die Afrikanerdom het egter reeds begin daag (toejuiging). Ons volk het lank genoeg naak gestaan in die winter van sy vernedering. Soos die bloeisels na die winter het die O.B. na vore gekom. Die O.B. is vir ons 'n teken dat die beter tyd nie meer ver is nie. Die O.B. het veral twee kragte wat hom laat voortbeweeg. Daar is die pligsbesef en offervaardigheid wat hy by ons volk wakker gemaak het, en die krag wat alles in beweging bring en aan die voorpunt staan, is ons K.G.'' (Toejuiging.)

Hierop het die aanbieding van geskenke gevolg. Mev. dr. G. Eloff, wie se eggenoot tans onverhoord in die Interneringskamp op Koffiefontein verkeer, het namens die vroue en afhanklikes van geïnterneerde en gevange Afrikaners 'n pragtige vergulde adres aan die K.G. voorgelees en oorhandig. Hierin bedank hulle die K.G. vir alles wat hy deur die Noodhulpfonds en andersins gedoen het om hulle leed te versag, en spreek hul onbegrensde vertroue in sy leiding uit.

'n Silwerkollekte van meer as £30 is as geskenk van die hele vergadering vir die Noodhulpfonds aan die K.G. oorhandig. Namens generaalskap Pretoria is 'n pragtige O.B.-wapen uit leiklip gekap deur veldkornet Spies, geskenk, en namens die Boeredogters van Pretoria 'n pen en inkstel met die O.B.-wapen daarop, alles ook uit leiklip gekap deur veldkornet Spies. Dit is oorhandig deur twee klein Boeredogtertjies wat die K.G. oulik gesalueer het. Die K.G. het elkeen 'n soen gegee.

Die Jeug van Gebied F het 'n pragtige stoel geskenk. Die K.G. het egter later gesê dat hy hulle kan verseker dat sy teenstanders eerder 'n gemaklike stoel sal nodig hê.

Verdere geskenke was: namens die Boerejeug van Gebied E 'n geraamde ontwerp met 'n geweer, pik en graaf daarop, sinnebeeldig van ons weerbaarheid en bereidheid tot diens; deur die vroue van Gebiede E en F 'n horlosie in 'n stuk pragtige gepoleerde stinkhout; 'n boekstaander uit tambotie in 'n jukmotief, deur Generaalskap F5; namens die O.B. van Gebied F 'n stel boeke oor die Tweede Vryheidsoorlog; 'n geskenk gemaak deur

(Vervolg op voet van kol. 3)

(Vervolg van kol 2)

brandwag Pretorius, 'n waardige oubaas wat ongelukkig nie self kon teenwoordig wees nie. Dit is 'n ossewa uitgekerf uit Transvaalse kiaathout; namens Hoofkommandantskap Boksburg-Primrose 'n pragtige landskapskildery; deur die manne- en vrouekommando's van Belfast, 'n kierie uit horing gemaak. Dit is die handewerk van die kommando self; deur die manne-kommando van Benoni 'n ontwerp wat voorstel ,,Ons mag nie vergeet nie''; van die Kommando Debora Retief 'n pragtige Arend uit versiersuiker gemaak.

Aan mev. Van Rensburg is namens die Kultuur- en Voorligtingsafdeling deur dr. P. J. Meyer 'n bronsbeeld van die K.G. oorhandig.

# Kerke Vra Partye om Moedertaal nie Deel van Hul Beleid te Maak

## Sal Invoering van Tweede Taal nie Duld

**In 'n gesamentlike verklaring van die drie Afrikaanse Kerke in Transvaal insake moedertaal-onderwys word verklaar dat die Kerke hul bes doen om die stryd oor hierdie onderwysbeginsel buite die partypolitiek te hou, en 'n beroep op die politieke partye doen om die saak nie as 'n partysaak te behandel nie. Die Kerk sal nietemin teenstand bied indien die beginsel aangetas word. Die verklaring lui as volg:**

,,Die Afrikaanse Kerke het hulle deur die jare heen aktief beywer vir die onderwys en opvoeding van die Afrikaanssprekende kinders, en het dit as 'n vername deel van hul roeping beskou. Die aparte moedertaalskool is dan ook vir 'n groot deel die vrug van 'n historiese ontwikkeling wat op die jarelange strewe van die Kerk gevolg het; dit berus op onomstootbare opvoedkundige, kulturele, organisatoriese en godsdienstige grondslae.

,,Hierdie grondslae van die moedertaalskool is so heg en opvoedkundig, so goed verantwoord dat die invoering van die tweede taal as voertaal by die onderwys van enige vak, behalwe daardie tweede taal self, met die nadeligste gevolge vir die kind gepaard gaan.

,,Die Kerke verheug hulle daaroor dat in die jongste tyd die skool met parallelle klasse vir die gebruik van die twee voertale in aparte klasse onder dieselfde dak, deur gesaghebbende leiers van die staatspartye in ons land ondubbelsinnig veroordeel is.

**,,Die drie Kerke het totnogtoe met sukses getrag om buite die partypolitiek te bly en het alle moontlike pogings aangewend om te voorkom dat die bevordering of bestryding van hierdie skole deur die politieke partye as deel van hul beleid aanvaar sou word.**

,,Die ondervinding het geleer dat kennis van die tweede taal die beste bevorder word deur doeltreffende onderwys in daardie taal self en nie deur die tweede taal te laat gebruik as medium vir een of meer ander vakke nie.

**,,Die Kerke wil nou ook nog hul beroep herhaal dat hierdie beginsel nie as partysaak behandel moet word nie. As enige party egter die afskaffing of belemmering van die moedertaalskole voorstaan, dan dwing hy die Afrikaanse Kerke, in die handhawing van hul erkende opvoedingsbeleid, om teenstand te bied.**

**,,Die Afrikaanse Kerke wil dit hiermee onomwonde laat bekend word dat hulle as Kerke die suiwer moedertaalskole (enkelmediumskole) beoog en voorstaan en hulle geroepe voel om hierdie inrigtings, soos hulle nou bestaan, sonder die invoering van 'n tweede voertaal vir enige vak, op alle moontlike geoorloofde wyse te probeer handhaaf.**

Die verklaring is namens die respektiewe Sinodale Onderwyskommissies onderteken deur ds. G. D. Worst (vir die Ned. Herv. of Geref. Kerk), dr. C. H. Rautenbach (vir die Ned. Herv. Kerk) en ds. P. J. S. de Klerk (vir die Geref. Kerk).

## NIE VOLKSKANDIDAAT

In verband met die verkiesing in Kimberley-distrik skryf genl. B. J. Vorster dat mnr. D. Rossouw homself op aandrang van sy leier as partykandidaat laat benoem het, en nie as volkskandidaat soos in 'n vorige uitgawe in die vooruitsig gestel was nie. Die ooreenkoms het dus verval.

(Berig deur J. J. Venter, Sasbankgebou, Bloemfontein.)

W. F. CARSTENS
(Edms.) Bpk.
BEGRAFNISONDERNEMERS en BLOEMISTE
Centralweg 52, Fordsburg
Beckettsgebou, Presidentstraat, Johannesburg
DIENS ONOORTREFLIK — PRYSE LAAG

MARKAGENTE
Ons is U agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en versekerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!
Eiers, Pluimvee, Groente, Vrugte, Voer en Vee.
Volkskopermark
BPK.
MôREMARK, NEWTOWN,
Foon 34-1442, Wolhuterstr. 62,
JOHANNESBURG.

HELDEDAG
SATERDAG, 9 OKT. '43
Sentrale Volksfees
vir WES-KAAPLAND op
STELLENBOSCH
PROGRAM
Plek: COETZENBURG
9 vm.: Optog van Universiteitsgeboue na Coetzenburg-Feesterrein.
11 vm.: Feesrede deur Prof. J. de W. Keyter.
12.30 nm.: Middagete: Bring eie vleis, toebroodjies en eetgereedskap. Vure sal aangelê word vir vleisbraai en koffie sal te koop aangebied word.
2.30 nm.: Volkspele en Jukskei.
3.30 n.m.: Jeugtoespraak deur Prof. P. J. Schoeman.
4.30 nm.: Volkspele en Jukskei.
Verversings sal gedurende die middag verskaf word.
AAND: Plek: STADSAAL.
Verrigtings begin om 7.45 nm.
(1) Feesrede deur Ds. J. S. Theron.
(2) Tableauvoorstelling van ons Heldegeskiedenis.
L.W.—Kom neem deel aan hierdie groot optog en vereer ons HELDE soos dit ons betaam.
Drag: Volksdrag of wit.

# Die Geloof van 'n Brandwag Getoets

I.

Van my geboorte af, kan ek maar sê, was ek 'n nasionale Afrikaner; en in hierdie aardse lewe het ek net gesmag na een geluksaligheid, naamlik die eenheid en vrywording van die Afrikanerdom. Maar ek het altyd gedink dat die nasionale party in sy verskillende vorme dit vir my sou verkry. Nooit het ek hieraan getwyfel nie, want ek het geglo dat die party-leiers dieselfde saligheid gesoek het as ek, en dat hulle die enigste moontlike middel om dit te verkry op die bes moontlike manier probeer toepas het, naamlik die stem en die parlement. Ek het geglo dat hulle stadigaan die Afrikaners sou bymekaarmaak en dan eendag die groot slag sou slaan deur met 'n Afrikaanse meerderheid in die parlement daardie hele Britse stelsel af te skaf en die Republiek uit te roep. **Dit het my net gehinder dat hulle altyd alle Afrikaners wat nie honderdpersent by hulle party staan nie, uitgemaak het vir volksverraaiers, al was laasgenoemdes op hulle manier nog goeie Afrikaners, en in elk geval Afrikaners — mense van ons eie vlees en bloed.** En dan het ek ook geskok geraak in my geloof as die party-leiers kort-kort die republikeinse vrywording op die agtergrond skuif terwille van eleksie-voordeel of praktiese politiek. Tog het ek partygelowig gebly totdat ek gesien het hoe hulle, toe die eenheid van die Afrikanerdom byna verkry en die republikeinse ideaal feitlik algemeen aangeneem was, daardie eenheid moedswillig in die openbaar verskeur het en daardie ideaal van die sogenaamd andersdenkende Afrikaners in verdenking gebring het. Toe het ek tot die bittere oortuiging gekom dat dit by die partyleiers nie die eenheid van die Afrikanerdom is wat tel nie, en ook nie die Republikeinse vryheid nie; **maar alleen eenheid en vryheid deur middel van die party.** Die party, so het ek ontdek, was vir hulle hoofsaak, en nie die volk nie: Die party was vir hulle die volk Dit kon ek eers nie verstaan nie, want baie van hulle het ek tog geken as goeie en beproefde Afrikaners. **Maar eindelik het ek ingesien dat die party-stelsel self die oorsaak van hul dwaling was. Die partystelsel het hulle geleer om alleen die wat die party-program onderteken het, as volksgenote te beskou, en alle ander volksgenote op politieke gebied altyd en oral te beveg as volksvyande.** Want anders kan die party, en hulle deur die party, nie die regeermag verkry en behou nie. Toe het ek daarop gelet hoe maklik 'n volksgenoot van 'n party vervreemd kan raak en hoe maklik 'n volksvreemde in 'n volksparty opgeneem kan word: **dit was duidelik dat die party nie die volk is of kan wees nie — dit rus tog net op die papierfondament van 'n program, en nie op die lewensfondament van bloeds- en lotsgemeenskap nie.** Nee, dit was duidelik dat die partystelsel die doodvyand is van volkseenheid.

Ai, hoe swaar was hierdie les om te leer! Maar toe ek hom geleer het, het ek gesoek na 'n organisasie vir volkspolitiek en volkseenheid in plaas van partypolitiek en partyeenheid. En dit het ek tot my vreugde in die Ossewabrandwag gevind. Nie dadelik nie — want eers was ek bevrees dat die O.B.-leiers ook nog die party-politieke gees openbaar van „my organisasie is die volk" en „almal daarbuite is volksvyande". **Maar toe die broederstryd losgebrand het en die O.B. sy groot getalle moes inboet, toe was dit vir my asof die O.B. gelouter geraak het en ook in sy leiers tot die belydenis gekom het dat die volk groter as die organisasie is en dat God bo alles is, en dat die organisasie alleen van waarde is in diens van volkseenheid en tot eer van God. So is ek bekeer van partyman tot brandwag.**

Maar nou sê 'n vriend vir my: „Die O.B. se tyd is verby." „Hoe so"? vra ek. „Wel", antwoord hy, „vereers het die O.B. politieke volkseenheid gesoek, en dit is nou in die H.N.P., die enigste Afrikaanse volksparty, verwesenlik; in die tweede plek het die O.B. die republiek alleen van 'n Duitse oorwinning verwag, en die Duitsers se kerk is nou uit; ten derde het die O.B. alle heil in aksie gesoek en al sy aksie het in duie gestort; in die vierde plek wou die O.B. 'n gesagstaat invoer en dit bestaan nou reeds onder genl. Smuts en sal voortgesit word onder dr. Malan; en eindelik wou die O.B. 'n beleid hê wat sowel sosiaal as nasionaal sou wees, en so 'n beleid het die H.N.P. reeds openlik aanvaar. Wat bly daar dan vir die O.B. oor? Wat nog erger is, die O.B. het nou maar net 'n Van Rensburg-party geword, al stel dit nie self kandidate nie, en sit dus net onnodiglik die volksverbrokkeling van die A.P. voort."

So het my vriend gepraat, en dit was vir my of die vrede wat my siel in die O.B. gevind het, weer wou wegsmelt in my gemoed. Maar net vir 'n oomblik, want sonder dat ek dit geweet het, het daardie vrede en sielsoortuiging reeds in my wortel geskiet en tot vastigheid gekom. Ek het my vriend toe so 'n rukkie vas aangekyk, eers met 'n sweem van bitterheid, maar spoedig met 'n rustige glimlag, en geantwoord: „Vriend, jy vergis jou, en as jy nou 'n rukkie stil wil luister, dan sal ek jou vertel waarom. En ek is bly om dit te kan doen. Maar laat my alles weer 'n bietjie oordink, en dan gesels ons volgende week verder." Hiertoe het hy ingestem en ons sal nou volgende week die gesprek voortsit.

'n deel van sy vaderlandsbodem is wat hy ongeskonde vir die nageslag in pand moet hou. **Hy moet besef dat hy 'n skakel in die volksketting is en dus slegs die vruggebruik van sy grond het.** Sy plaas is nie 'n gewone handelsartikel wat sonder die minste aarseling verkoop kan word wanneer 'n wins te maak is nie. Hy boer nie omdat hy in die boerdery die moontlikheid sien om vinnig ryk te word, desnoods deur roofbou toe te pas, en dan sy plaas te verkoop om op die dorp of aan 'n strandoord te gaan „aftree" nie. **Nee, sy plaas is vir hom 'n onvervreembare erfgoed en daar wil hy sy laaste asem uitblaas.**

**As die boer aan die einde van sy lewe gekom het, moet hy hom kan troos met die gedagte dat sy skoonste en dankbaarste monument nie net op sy graf sal praal nie, maar veral in sy veld, sy damme, sy plantasies en algemene plaasverbeterings wat hy deur sy onvermoeide arbeid vir sy nageslag gelaat het.**

## *Stakings in Engeland*

In die afgelope paar weke stroom daar gedurig berigte in van stakings in lewensbelangrike nywerhede in Engeland. In verband met die verlies aan steenkool as gevolg van die stakings het die voorsitter van die Britse vakbondkongres gesê dat hy nie syfers kan noem nie, „maar hulle is skokkend". Ernest Bevin, Britse minister van arbeid, het in 'n toespraak voor die Laerhuis die stakings toegeskryf aan politieke oorwegings wat bedoel is om die oorlogspoging te belemmer.

## Die Landbou in Ons a.s. Sosiale Volksekonomie

(Vervolg van bls. 3)

uitbuitende geldskieters oorgelaat word nie. Die nodige Krediet-inrigtings moet geskep word om in die behoefte aan vaste kapitaal sowel as bedryfskapitaal te voorsien en wel op voorwaardes wat rekening hou met die besondere aard van die landbou. Die hoofbeginsel in die nuwe kredietverskaffingsbeleid moet wees dat vaste kapitaal nie regstreeks van private liggame en persone na die landbou mag vloei nie, maar wel deur middel van 'n staats- of staatsbeheerde kredietorganisasie. **So 'n publieke korporasie kan terselfdertyd voorsiening maak vir 'n omvattende versekeringskema teen natuurrampe.** Om die huidige landbouskuldvraagstuk op te los sal die Gesagstaat dit as een van sy eerste sake beskou om die kapitalisasie van grondbesit op 'n ekonomies bestaanbare grondslag te plaas. Hierdie taak sal in samehang met die ekonomiese verdeling van grondbesit aangepak word.

Net soos in die geval van grond en voedsel gaan ons dus uit van die standpunt dat nie toegelaat kan word dat met landboukrediet gespekuleer word nie. Die boer en voornemende boer moet te eniger tyd kan weet waar en op watter voorwaardes hy die nodige kapitaal kan kry, en die gereelde afbetalings moet so gereël word dat dit rente en kapitaal insluit sodat die boer kan weet dat sy skuld na 'n sekere tyd afbetaal sal wees.

### BOERE REGEER SELF

**Soos reeds gesê sal net soos in die geval van ander vertakkinge van die ekonomiese lewe, die werklike beheer van die landboubedryf ook toevertrou word aan die beste voormanne onder die boere, sodat die boeregemeenskap self sy sake kan reël onder die algemene leiding en toesig van die staat wat die ekonomiese lewe as 'n geheel moet koördineer. Met die oog op die ontwikkeling van hul eie verantwoordelike boereorganisasie word die boeregemeenskap as sodanig goed binne die Volksbeweging georganiseer.**

Die reorganisasie en opheffing van ons landbou is egter nie slegs 'n kwessie van beter prysreëling, grondverdeling, kredietverskaffing en organisasie nie. By ons boeregemeenskap moet veral 'n nuwe gesindheid, 'n nuwe besef van die waarde en taak van die landbou in ons volkslewe, gekweek word. Die boer moet ook in die landbou volgens 'n bepaalde lewensbeskouing handel. **Hy moet besef dat sy plaas**

Foon 62 Posbus 53

HEILBRON

OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat

BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.

Die MODERNEWINKEL

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

„Die Gedissiplineerde Afrikanerdom"

DIE PRENT VAN DIE JAAR.

Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.

Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.

- Verering van Boerehelde.
- 'n Blik uit die slag van Amajuba.
- Die Stille skoonheid van die Wildtuin.
- Romantiese tonele in die hoofstad van Oom Paul.
- 15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

('n Roaf-Vertoning.)

IN ORANJE VRYSTAAT

| | | | |
|---|---|---|---|
| PHILLIPOLIS | 2 Okt. | MARQUARD | 16 Okt. |
| JAGERSFONTEIN | 4 „ | VENTERSBURG | 19 „ |
| LUCKHOFF | 6 „ | PARYS | 21 „ |
| EDENBURG | 7 „ | KOPJES | 22 „ |
| PETRUSBURG | 8 „ | FRANKFORT | 25 „ |
| SMITHFIELD | 11 „ | REITZ | 27 „ |
| ROUXVILLE | 13 „ | BETHLEHEM | 28 „ |
| WEPENER | 14 „ | FOURIESBURG | 29 „ |
| CLOCOLAN | 15 „ | HARRISMITH | 30 „ |

'N

GULDE GELEENTHEID

IN DIE VOLLE SIN VAN DIE WOORD

Beleggings moet veilig en winsgewend wees, belê daarom u geld in 'n bewese winsgewende besigheid met ses groot takwinkels en twee fabrieke wat almal 'n vaste en groot omset het. Excelsior Meubels het reeds in sy eerste jaar 8% dividend op beleggings betaal, dit verskaf werk aan 80 blankes wat jaarliks £25,000 verdien terwyl die jaarlikse gesamentlike omset van die takke en fabrieke reeds £200,000 beloop.

U gaan ook deelneem in die opbou van hierdie grootste Afrikaanse saak! 'n Prag-brosjure word tot u beskikking gestel wat bewyse lewer van die sukses van

EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.

Die Sekretaris, Posbus 6670.

EXCELSIOR MEUBELS BEPERK. JOHANNESBURG.

Stuur u prag-brosjure asseblief aan

M ..........................................................

..........................................................

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.

## KENNISGEWING

Polis No. 234682 vir £1,000 op die lewe van CORNELIUS BRINK LIEBENBERG.

Daar die oorspronklike polis verlore geraak het word hiermee kennis gegee dat 'n gesertifiseerde afskrif daarvan kragtens Wet No. 37 van 1923 uitgereik sal word tensy die oorspronklike polis by hierdie kantoor ingelewer word binne drie maande vanaf hierdie datum.

M. S. LOUW,
Mede-Hoofbestuurder en Aktuaris.

Waalstraat 28,
Kaapstad.
24 Sept. 1943.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

Tarief vir Geklassifiseerde Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël, minimum 4/- per plasing, streng vooruitbetaalbaar. Advertensies kan gestuur word aan Voorslag Bpk., Posbus 1411, Kaapstad óf Publicité Bpk., Posbus 4892, Johannesburg.

### VERLOWING

DU TOIT—FERREIRA: Dr. en mev. J. S. du Toit van „Vreugde," Seepunt, maak hiermee die verlowing bekend van hulle dogter, Nerina, aan dr. A. B. W. Ferreira, Bloemfontein, seun van mnr. en mev. H. Ferreira, „Fraai Uitsig," Edenville.

### DRINGEND BENODIG ! !

VOLLEDIGE stel van die uitgawes van die „Ketting-Vlugskrif" deur die Ossewabrandwag-Hoofkantoor, O.V.S., word dringend benodig vir argiewe doeleindes. Sal enige persoon wat in besit van so 'n stel is en bereid is om dit af te staan a.u.b. skrywe aan: Die Bestuurder, Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

### BETREKKING

BENODIG, 'n betroubare huishoudster op plaas. Drie bediendes in diens. Salaris £3 per maand met vry inwoning. Doen aansoek: Mnr. D. Smit, Witkop, oor Jamestown.

### HELDEDAGVIERING

Die Reddingsdaadbond-tak, Ysterplaat, gee 'n fees op Heldedag, Saterdag, 9 Okt. 1943, om 10 v.m. tot 10 n.m., op die gronde van mnr. Petrus van der Spuy, Koebergweg, Brooklyn. Spreker: Dr. G. E. Jansen, om 3 n.m. Alles wat lekker is sal aangebied word: Boerewors en boere-koffie volop. Kom neem deel aan die sport vir oud en jonk. Kussingslaan, jukskei, skyfskiet, ens. Volkspele in die aand.

### TE KOOP GEVRA

DADELIK benodig 240 „Speed Star Boormasjien" op Vragmotor gebou of daarsonder. Skryf aan: W. R. Avenant, P.K. Brandvlei, K.P.

### TE KOOP

PATATRANKE. — Beroemde Kleinkaroopranke, beskikbaar vanaf 15 Oktober tot Januarie. Bestel dadelik vooruit. Sesmaande ranke 6/9 per duisend, driemaande ranke 7/9 per duisend, gelewer in sakke, Plathuishalte. Kontant voor aflewering. A. H. de Vries, Warmwatersberg, Barrydale.

GUERNSEY-bulletjies altyd op hand. Van 4 tot 12 maande oud. Alle beeste deur my geteeld is geregistreer. Stoet-bul van die beste in ons land. Bottervet van 'n baie hoë gehalte. Eienaar is lid van Guernsey-Beestelers-Vereniging. Om pryse en besonderhede skryf aan: J. G. Kemp, Bus 16, Kirkwood.

OMTRENT 500 gemengde merinoskaap, van twee tand tot slyt. Elfmaande wol, en in goeie kondisie. Prys 25/- stuk om almal te neem. Skryf aan: J. A. Klopper, Friedenreich, Pos Ida.

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670 Johannesburg.

AARTAPPELMOERE. — Bied aan Arranchief-moere met A-sertifikaat teen 25/- per sak. Ook ongesertifiseerde moere, maar goed, 20/- per sak 153 pond V.O.S. Georgestasie. Kontant met bestelling. Doen aansoek by H. D. Metelerkamp, Grootboek, Posbus 47, George.

DAG-OUD Australorps, Leghorns: Ook die kruis tussen 'n Australorp haan en 'n Leghorn hen. Uitgebroei deur die (Kampioen) 8,000 Secura-broeimasjien. Weekliks verkrygbaar vanaf 18 Oktober teen £4-10-0. K.B.A. Skryf aan H. R. Malan, Weltevrede, P.K. Kerstfontein, Paarl, Telefoneer 6203.

DIE Rosserwe Melkery en Slagtery, High strant 143 en 107, Brixton, vir melk en vleis van die beste gehalte. Ons besigheid is 100% Afrikaans.

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.

LEMOENE. — Valencia-lemoene, lemmetjies en Pomelos (grape fruit) 2/6 per sakkie hier, vir nie minder as 5 sakkies, K.M.B. H. S. Visser, Elandsfontein, Clanwilliam.

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.

### HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Bus 660 — Johannesburg

KRISANTE: Oktober-November planttyd, reuse [illegible]toonsoorte, pragtige gesorteerde kleure. T[illegible] versameling 9/6 vir 6, 15/6 per dos. De Lu[illegible] Sortering 10/6 vir 6, 18/6 per dosyn.
ANGELIERE: Amerikaanse pragtige sorterings, fraai kleure 7/6, 10/6 en 12/6 per dosyn. Kontant met bestelling.
ROSE en VRUGTEBOOM bestellings vir Winter 1944 word nou aangeneem. Geïllustreerde Katalogus Gratis.

**ONDERSTEUN U BLAD DEUR U ADVERTEERDERS TE ONDERSTEUN**

## GEÏNTERNEERDE BEDREIG

**In verband met die verwysing van die Kommandant-generaal na die optrede van die Minister van Lande, sen. A. M. Conroy, teenoor 'n geïnterneerde O.B.-kommandant, verstrek Die Vaderland verdere besonderhede. Die Minister het die eggenote van komdt. J. H. Meiring van Brits in kennis gestel dat sy huurkontrak gekanselleer is omdat hy nie sy hoewe okkupeer nie. 'n Versoek aan die Minister om sy besluit in hersiening te neem deur mev. Meiring en haar twee seuns (wat ook geïnterneer was, maar later weer op vrye voet gestel is), het geen gevolge gehad nie, behalwe dat hulle toegelaat is om tot die end van die jaar te bly. Mev. Meiring het in haar onderhoud met die Minister daarop gewys dat die grond nie verwaarloos word nie, soos blyk uit die verwagting dat die oes vanjaar groter sal wees as voorheen. Hierop het sen. Conroy die eienaardige antwoord gegee dat dit bewys is dat mnr. Meiring sy plig sou versuim het toe hy die hoewe bewerk het!**

## SORG VIR DIE HELD VAN VANDAG

In O.B.-kringe word groot blydskap uitgespreek oor die feit dat die O.B. as organisasie vanjaar ook aktief aan die viering van Heldedag (10 Oktober) gaan deelneem.

Heldeverering is vir die O.B. voorwaar geen lippetaal nie. In die huidige vryheidstryd van ons volk het hy reeds oor en oor die bewys gelewer dat die Afrikanervolk nog beskik oor die kragte wat nie terugdeins om deur 'n heldedaad hulde aan 'n stoere voorgeslag te bring nie. Die honderde O.B.-lede wat vandag in die Empire se tronke en kampe verkeer of daarbuite op vlug is, is genoegsaam getuienis hiervan.

Daarom is dit 'n ereskuld wat op die Afrikanerdom as geheel en die O.B. in besonder rus om wanneer ons op 10 Oktober die helde van ons volk gedenk, ook hulde te bring aan die helde van vandag; diegene wat in die Empire se tronke en kampe in ons vryheidstryd volhard. En die beste huldebetuiging wat ons onder huidige omstandighede aan die helde van vandag kan lewer is om deur ons opoffering sorg te dra dat hul afhanklikes deeglik versorg word. Die wete dat dit met hul afhanklikes goed gaan is die beste geskenk wat ons vandag aan hierdie helde kan bied. Heldedag is dus vir ons ook Noodhulpdag.

Met die oog op die aantal persone wat in die afgelope tyd uit die interneringskamp losgelaat is, is sommige O.B.-lede en goedgesindes skynbaar van mening dat die verpligtinge van die O.B.-Noodhulpfonds reeds verlig is en dat hulle dus ook nou minder steun aan die fonds kan gee. **Dit is egter 'n heeltemal verkeerde indruk. Die loslating van 'n Afrikaner uit Koffiefontein verminder nie dadelik die verpligting van die Noodhulpfonds teenoor sy afhanklikes nie. In die meeste gevalle is sulke persone s[illegible] der verdienste en het hulle ook uit [illegible] hul besittings geraak sodat dit gewoonlik 'n hele tyd duur voordat hulle weer as broodwinners van hul gesinne kan optree.** Immers, tot tyd en wyl die vader of seun 'n eie verdienste het, moet hy ook gevoed en geklee word. Die meerderheid van die losgelate geïnterneerdes egter word op plase of klein gebiede geïnterneer en kan dus geen werk vind nie. Vir hulle moet nog steeds gesorg word.

Op 10 Oktober eer die O.B. die helde uit ons verlede deur te sorg vir die held van vandag!

## *Duitsland Sterker*

Die Onderhoof vir militêre inligting in die V.S.A. het onlangs, volgens berig in die pers, die een en ander oor Duitsland se militêre krag gesê wat ietwat verskil van die propagandaberigte wat daeliks in die koerante gelees word. Volgens hom is Duitsland vandag sterker as vier jaar gelede. Hy het driemaal soveel vegdivisies in die veld as by die uitbreek van die oorlog, terwyl die Luftwaffe groter is as in 1939. Die arbeidskragte in oorlogsnywerhede het toegeneem van 23,000,000 by die uitbreek van die oorlog tot 35,000,000 tans, terwyl sommige wapens wat hulle lewer beter as enige van die Geallieerdes is. Ook die Duitse voedselposisie het intussen verbeter in plaas van versleg.

Op die oomblik beskik Duitsland oor 300 goed opgeleide divisies en die afgelope jaar alleen het hy sestig nuwe divisies op die been gebring wat elk toegerus is met 600 masjiengewere en 300 swaar wapens.

Ondersteun Ons Adverteerders!


DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontic en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS ! . . .*

V.M.K. AANBEVEEL.

*SPESIALE AANBOD,* —
LAAT BESENDING AANTREKLIKE
„Jarmode"- en „Gero"-
BAADJIEPAKKE en JASSE
Teen egte verminderde Pryse by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMES-MODISTE
L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.

W. VOIGT BPK., HUGENOOT.

*Fabrikante van . . .*
*Kelder en Besproeiings Masjinerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.
Posbus 10, Hugenoot.

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG.
*KOOP NOU !*
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk.
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

Schoemanello Drank . . .
VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | Kissie van 12 bottels. PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| WYNE: | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/8 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| BRANDEWYNE: | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn. F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| LIKEUR-BRANDEWYN: | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| JENEVER LIKEURS: | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

VAN ZYLS
HOOFSTRAAT, PAARL.
MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS
RAADPLEEG ONS VIR TENNIS-BENODIGHEDE
Groot verskeidenheid Rakette in voorraad
Herstel en Hersnaring van Rakette word onder toesig van deskundiges gedoen
OOK OP — — — PORTERVILLE


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.